# KOERSVAS

Jaargang 8 Uitgawe 178 22 Mei 2020






In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings


**REDAKSIONEEL**

## Norm en normaal

In Koersvas was daar voorheen verwys na ons as op pad na die "nuwe normaal". Dit is nie meer so seker dat die nuwe normaal dalk net 'n verskuiwing in tyd en geografie gaan wees nie.

Verandering in omstandighede maak dat mense moet aanpas. Sodra die aanpassings roetine word en mense in die nuwe situasie gemaklik is, kan ons stel dat die "nuwe normaal" aangebreek het. Selfoon tegnologie is 'n goeie voorbeeld: Vandag kan ons nie eens onsself 'n situasie indink sonder die indringerige, maar uiters bruikbare. "foontjie" nie. Die ouer garde het aanvanklik gesukkel met die tegnologie, maar wys my die ouma of oupa wat nie sommer gou die foto's van geliefdes op daardie einste vreemdheid wys nie.

Die verwagting met "nuwe normaal" was dat COVID-19 berge sou verskuif in terme van impak en dat ons ter wille van oorlewing erg sou moes aanpas. Die berg het egter 'n muis gebaar. Toegegee - die virus is meer aansteeklik as byvoorbeeld SARS of varkgriep. Langtermyn blyk dit dat die virus se sterftesyfer nie veel hoër is as die jaarlikse griep nie. Wat wel duidelik is, is dat die owerhede die geleentheid aangegryp het om drakoniese maatreëls in te stel en despoties in hul besluitneming en uitvoering op te tree. Die voorskrifte wat steeds afgedwing word, vervolg effektief die kerk van die Here.

Die geografiese verskuiwing sien ons in die ideologiese deurvoer van agendas wat die RSA 'n Kuba of USSR (nie eens Rusland nie) wil maak. Die sosialistiese en kommunistiese agenda wil die ekonomie afbreek tot daar waar almal ewe arm en ellendig sal wees. Die opbou van die ekonomie en die gevolglike voorspoed en vreugde van burgers is vir die owerheid van die dag 'n uitdaging wat kreatiwiteit en harde werk vra. Die besluite wat geneem word, toon blyke van 'n gespanne verhouding met skeppend wees en harde werk deur die regering.

Die verskuiwing van tyd ten opsigte van die grendeltyd word duidelik in die agteruitgang van alle gemeenskappe. Die ellendige bestaan van baie gemeenskappe en gesinne herinner aan 'n tyd toe daar nie infrastruktuur was nie, 'n era voor tegnologiese vooruitgang mense se bestaan verbeter het.

Ons kan met hierdie stand van sake nooit vrede hê nie. Dit kan nooit die "nuwe normaal" word nie. Ons het te hard gewerk, te hard geveg om hierdie agteruitgang te duld, te verdra of te aanvaar. Ons kan nie na 'n vorige, slegter bestaan gaan nie, ons kan nie verword na sisteme wat reeds as totale mislukkings bewys is nie. Ons kan nie die situasie gelate aanvaar nie.
Die stywe rug moet op die regte plek gemaak word. Ons verhouding met die Here kan nie deur die owerhede vernietig word nie. Ons word op die huidige oomblik verhoed van ons verhouding met die Here uitleef soos ons gewoond was. Virtuele eredienste kan vir 'n kort tydjie help, maar dit kan nie die erediens vervang nie. Erediens is per definisie daar waar gelowiges saamkom. Erediens is per definisie 'n groepsaktiwiteit en in sy wese deel van die Christelike geloof. Die Bybel ken geen ander bestaanswyse as dat Christene volhard in die samekoms van gelowiges nie. Indien die owerhede ons nie nou hoor nie, wil hulle ons nie hoor nie. **Ons moet eredienste hê. Enige iets minder as dit tas ons in ons diepste wese aan.** Ons moet natuurlik verstandig wees. Onthou net; **wysheid begin met die dien van die Here** (Psalm 111:10)**.**

Die volgende brief is aan die owerhede gestuur. Die predikante wat dit onderteken het, is dit eens met die inhoud. Ons is oortuig daarvan dat daar baie lidmate sou saamstem, maar op ons lê die verpligting om leiding te neem in hierdie saak wat van kardinale belang is. Die voorstelle wat ons maak, is aan die einde van die brief as addendum bygevoeg
Sy edele die President van die RSA,
Waarde heer

Ons groet u in die naam van die Hoop en Verlosser; Jesus Christus. Ons as wetsgehoorsame burgers nader u as die owerheid van die dag wat die ampte beklee waarvan God die gesag gegee het. Dit is u taak om tot beswil van al die burgers te regeer. In hierdie tyd van inperking word ons op alle vlakke van menswees getoets. Dit sluit in u leiding waarvoor ons in gehoorsaamheid bid.
Ons het begrip vir die koestering van die lewe. Die lewe kan net nooit ons hoogste waarde wees nie; die ewige bestaan by God is ons grootste werklikheid. U weet dat die huidige maatreëls wat ingestel is en gehandhaaf word, nie volhoubaar is nie. Die geleidelike opheffing van die inperking getuig hiervan, veral gesien in die lig van veranderende data. U kan staatmaak op die lydsaamheid van gelowiges, en dit is gepas so, ons word immers geroep tot gehoorsaamheid aan die mense wat oor ons regeer. Hierdie gehoorsaamheid is, net soos die lewe, nie ons hoogste opdrag nie (Handelinge 4:19 "Maar Petrus en Johannes het vir hulle gesê: “Julle moet maar self besluit wat voor God reg is: om aan júlle gehoorsaam te wees of aan God.").
Ons wil gehoorsaam wees aan die opdrag om aan ander te doen soos ons wil hê dat hulle aan ons moet doen (Lukas 6:31) wat beteken dat ons verantwoordelik wil optree. Vir 'n kort tydjie kan ons saamwerk in die gees van burgerlike gehoorsaamheid, ter wille ook van die mense rondom ons. Lydelike verset is nie 'n welkome begrip nie. Dit kan ons in onnodige gevaar se pad plaas. Die vroeë Christene in Rome moes weens vervolging in die katakombes van Rome byeen kom om die Here te dien. Vir diegene wat die Here wou dien, was die vissie die rigtingwyser na die plek van

samekoms. Die Grieks vir vis (igthus - Ἰχθῦς) is deur Christene as anagram gesien van **J**esus **C**hristus **S**eun van **G**od (ons) **S**aligmaker/Redder. Hulle wat na die eredienste gegaan het, het geweet hulle stel hulself bloot aan gevaar en vervolging. **Hulle was bereid om die risiko te neem**.

Ons is van oortuiging dat die erediens die hartklop van die gemeente is, wat beteken dat die voortbestaan van gemeentes in die gedrang is. Elektroniese dienste via media soos WhatsApp en YouTube kan vir 'n wyle instaan as noodmaatreël. Die erediens is egter meer as net verkondiging van die Woord. Dit gaan ook oor sake soos samesyn (Koinonia). Eredienste kan met ander woorde net vir 'n kort rukkie in buitengewone omstandighede opgeskort word. Ons neem aanstoot en voel gebelg oor die staat se klassifisering van eredienste as sosiale byeenkomste (Die staat se denkraamwerk van geloof is nie dieselfde as ons s'n nie). Ons kom byeen om God te dien.

Ons wil nie volstaan met (soms steriele) kritiek nie. Ons kom na u met die versoek dat u eredienste as essensieel sal klassifiseer en gelowiges sal toelaat om God te aanbid na oortuiging.

Ons weet dat dit met sekere risiko's en verantwoordelikhede gepaard gaan. Per slot van sake het elke optrede een of ander risiko daaraan verbonde en ons kan net met oordeelkundigheid kies en bestuur.

Ons glo dat indien die nodige voorsorg getref word, die risiko's vir die bywoning van eredienste beduidend laer is as om byvoorbeeld na die plaaslike winkelsentrum te gaan. 'n Regs-president daarvoor is voorts reeds geskep met die toegewing dat die hou van 'n begrafnisdiens as 'n "noodsaaklike" diens beskou word. As Christene beskou ons ons weeklikse aanbidding as van meer belang as reeds goedgekeurde werks-gekoppelde essensiële dienste wat tydens alle fases toegelaat word. Teen hierdie agtergrond moet die kerk van die Here die opsies oorweeg. Ons wil alle redelike en wettige weë ondersoek en besluit op aksies waarmee alle partye tevrede sal wees. Ons wil nie in die huidige situasie emosioneel of impulsief besluit om ten spyte van die owerheid se reëls wel eredienste te hou nie; aangesien ons onsself dan moontlik aan 'n drievoudige risiko kan blootstel. Eerstens sal ons onsself daardeur blootstel aan vervolging deur die owerheid. Tweedens is daar die risiko dat ons COVID-19 aan ander kan oordra. Derdens is daar ook die risiko dat ons self kan aansteek by een van ons mede-gelowiges. Met gesonde verstand sal ons deur die maatreëls wat ons hier wil voorstel te volg, die risiko van verspreiding kan minimaliseer. Ons as gelowiges moet gedurig bid en dit is ook ons plig om owerhede in kennis te stel dat ons nie genoeë kan neem met die huidige toedrag van sake nie. In die lig van die huidige verdrukking en miskenning van die erediens, was ons taak om teenoor die owerheid te getuig, nog nooit so belangrik as juis nou nie. Selfs al verloor ons alle ander vryhede, die vryheid in Christus noodsaak ons om tot die dood vas te staan.

Juis daarom die volgende voorstelle:

**1. Verklaar byeenkomste van gelowiges tot essensiële dienste.**

2. Plaas regulasies (waarvan 'n voorstel aangeheg by hierdie skrywe) in plek wat **eredienste onder gesonde omstandighede moontlik maak**.

Die afgelope paar weke was krities bedreigend vir ons diens aan die Here

gewees. Ons wil graag u vriendelik dog dringend versoek om die saak met alle erns te ondersoek. Mag die geskiedenis nooit van ons tyd praat as die COVID vervolging nie, die tyd toe ons COVID (Christene Onder Vreemde Instansies Dienste) die Here moes dien nie. Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by julle almal wees.

Dr. J. Otto - Cullinan; Ds S. Visser - Polokwane; Ds. PR Schoeman - Pretoria: Ds. PJ Snyders - Polokwane; Ds L Alberts - Polokwane; Ds. A. Van Zyl - Vrede; Ds. DA van Rooyen - Rustenburg; Ds. JJ Steenkamp - Stella; Ds. FNS Marais - Grootvlei; Ds. Johan Mouton - Rayton.

**GHG OUDERLING PRESTEER OUDERLING (PROF) JJ (DAS) STEYN SA AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS: BEKRONINGS VIR 2020**

*STALPRYS VIR STADS- EN STREEKS-BEPLANNING - Die prys word toegeken vir ’n hoogstaande publikasie of ’n reeks hoogstaande publikasies by voorkeur in Afrikaans, asook vir individuele of gesamentlike produkte van hoogstaande gehalte wat ‘n buitengewone bydrae tot die wetenskapsbeoefening lewer.*

*Die prys word toegeken aan JJ (Das) Steÿn, emeritus professor van die Departement Stads- en Streeks-beplanning, Universiteit van die Vrystaat.*

*Die prys is aan Steÿn toegeken op grond van sy talle publikasies in Afrikaans, die belangrike rol wat hy in die beplanningsprofessie in Suid-Afrika gespeel het, en sy groot bydrae tot die beplanningsliteratuur en akademiese ontwikkeling van Stedelike en Streeksbeplanning*.

Baie geluk met hierdie besondere prestasie. Erkenning is nooit die einddoel nie, dit is onverwagte, welkome beloning.

**COVID-19 EN FINANSIES**

Ons plaas weer hierdie berig. Dit word duidelik dat daar vele mense is wat duisende rande gee aan barmhartigheid, wat goed is. In die proses word die Here egter afgeskeep en gemeentes sukkel om selfs basiese verpligtinge na te kom.

Die staat se reaksie op die pandemie gaan 'n besondere impak op die land se ekonomie hê, insluitend lidmate en daarom ook die kerk.

Die kerk is die eerste waar daar gesny word ten opsigte van bydraes na aanleiding van aflegging of inperking en daarom verminderde salaris. Sonder om nou in 'n debat of 'n verwytstryd betrokke te wil raak; die geld wat aan die kerk gegee word, is offergawes wat in dankbaarheid vir sonde vergifnis en verlossing van die dood gegee word. Dit is met ander woorde iets wat aan die Here gegee word. Tog gaan baie mense nou finansieel noustrop trek en moet daar vele gesprekke gevoer word. Gemeentes het sekere staande uitgawes wat ons almal ken. Met die instel van die grendeltyd het 'n paar bronne van inkomste vir die kerk net verdwyn. Baie lidmate se offergawes verdwyn. Daar is baie redes daarvoor wat insluit dat die diaken nie kontant kan kom haal nie, die tjek gaan hop omdat daar nie geld is nie en dies meer. Die kerk ontvang ook nie Sondae deurkollekte nie. Alle funksies is afgelas en baie gemeentes maak staat op die funksies om hulle begroting te laat balanseer.

Na aanleiding van telefoon en kletsgroep-gesprekke net sekere voorstelle om gemeentes te ondersteun in gesprekke en besluite wat geneem moet word:

<u>Inkomste</u>:

- ✓ Lidmate moet aangemoedig word om in te teken op die <u>aftrekorders</u> wat die meeste gemeentes wel het. Kontant raak duur, is onveilig en dra ook baie kieme.
- ✓ Lidmate kan per EFT (elektronies) offergawes gee. Onthou sommer om die deurkollektes by die bedrag in te sluit.
- ✓ Wat van 'n spaarvarkie tuis aanhou en ten minste elke Sondag (maar dalk elke keer as jy 'n oordenking hoor) geld daarin te gooi? Na die grendeltyd kan dit alles op een slag inbetaal word.
- ✓ Help die diaken of ouderling deur die kollektegeld in 'n koevert reg te hê of gaan betaal dit by die bank in en stuur die transaksie per SMS of WhatsApp deur. Onthou: die maandelikse uitgawes van die gemeente is nie besig om te hiberneer nie. Inteendeel.

<u>Uitgawes</u>

- ✓ Help die gemeente deur droë rantsoene te skenk. Indien die kerk dit nie hoef aan te koop nie, word geld gespaar. Die diakonaat moet al hoe meer mense help, dit is immers waarvoor hulle daar is!
- ✓ Skuld is duur. Maak seker dat die gemeente se kontantvloei positief is om onnodige rente en bankkoste te vermy.
- ✓ Hoor hoe jy jou gemeente en/of ander lidmate kan ondersteun.

<u>Predikante</u>

- ✓ Die hartseer waarheid is dat sommige gemeentes se eerste plek van spaar of besnoeiing juis die predikant is. Dit is 'n gevaarlike helling om op te beland. Dit is waar dat die gemeente nie die predikant betaal wat hy verdien of wat hy werd is nie, maar wat hulle kan bekostig. Tog skep dit interne spanning en beland gemeentes wat te ver op daardie pad beland in 'n spiraal wat nie maklik omgekeer kan word nie.
- ✓ Dit is haas onvermydelik dat daar 'n tussentydse gesprek en ooreenkoms sal moet volg.
- ✓ Ope gesprek en wedersydse ooreen-komste is van groot belang. Die predikant kry nie meer spesiale behandeling by die bank of die slagter of enigiemand nie. Hulle onkoste en nood is dieselfde as die lidmate s'n.
- ✓ As tussentydse maatreël kan na twee hulpmiddels gekyk word. Die eerste is om die verminderde traktement teen 'n rentevrye leningsrekening te verreken. Sodra die situasie herstel het, kan die "geleende" geld aan die predikant terugbetaal word.
- ✓ Die gemeente kan die opsies rakende die werkloosheidsversekeringsfonds ondersoek, soos alle ander instansies waarvoor die werkloosheidsversekering maandeliks betaal word, doen.

Mag hierdie opmerkings van hulp wees. Ons sal alle voorstelle en insette waardeer en op ons webwerf en ander elektroniese platvorms publiseer.

**HULP AAN VOLKSGENOTE**

Volkshulp2000 en die Vlinderfonds wat albei volksgenote - ons mense - in nood help, het 'n ongekende toestroming in die laaste week ervaar van mense wat nie kos het nie en terselfdertyd het hulle skenkings van kos en geld in hierdie tyd opgedroog omdat skenkers ook sukkel. Die nood is geweldig hoog .Enige hulp en bydraes wat u kan gee vir hulp aan behoeftige en honger blanke mense in hierdie tye sal waardeer word. Kontak asseblief Corrie du Plessis by Volkshulp2000 (082-682-7454,

012-755 -8201) en Renette du Plessis (082-896-8906 lepl@mweb.co.za ).
Ons gee ook die bankbesonderhede.
**Vlinderfonds** bankrekening Standard bank. Rek nommer: 271240490. Verwysing nommer: 01544556342. (U moet asseblief hierdie verwysing gebruik)
**Volkshulp2000**:
ABSA rek no 0010176514
(Takkode 632005)

## MAKWASBYEENKOMS

Emeriti en ander predikante: Dagboek solank 12 September 2020 vir die jaarlikse Makwasbyeenkoms. Die Dorkas gaan op hierdie Saterdag emeriti, hulle gades en ander predikantspare feestelik onthaal. Dit val saam met die Bondsvergadering.

## KWILT 2020

Geloofsbonddames Kwilt 2020 Tema: "Nostalgie" Dis tyd om aan die werk te spring om die volgende kwilt te maak. Indien daar van julle is wat nog insette wil lewer, of blokke wil maak, sal dit baie waardeer word.
Laat weet my asseblief indien jy 'n bydrae (raad of blokke) gaan maak omdat my hande jeuk om te begin. Volgens ons beplanning vra ons:
1. Roomkleurige blokke v 100% katoen - 12 x 12 duim (30cm by 30cm).
2. 'n Masjien geborduurde ontwerp van ongeveer 6 x 10 duim met as tema nostalgie.
3. Die volgende kleure (saam met ander kleure wat in die ontwerp voorkom) moet asseblief geel, oranje, rooi en groen wees.
4. Borduur asseblief julle kerk (gemeente) se naam in die regterkantste onderste hoek.
5. Blokke moet asseblief op die laatste voor einde Mei 2020 na my, Alida van Wyk gestuur word. As ek dit vroeër kan kry sal dit nog beter wees.
My kontakbesonderhede: 083 680 5121
Lekker werk!

## DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:
- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk
  ella@teamworkprinters.com

0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0-0

**Aanhangsel: Voorgestelde regulasies vir bywoning van eredienste: Vele instansies het soortgelyke voorstelle gemaak. <u>Die owerhede het tot op datum geen antwoord gegee nie</u>.**

a. <u>Grendelstand **Fase 4**</u>

i. Byeenkomste mag nie langer as **30** minute duur nie.

ii. Alle reëls in terme van persoonlike sanitasie, oppervlakte-ontsmetting en sosiale afstand moet eerbiedig word. Dit sluit in:
1. Gebou en alle areas word voor die diens ontsmet.
2. Die area mag vir twee dae na die diens nie betree word nie.
3. Die gebou en alle oppervlakte word dan weer ontsmet.
4. Elke persoon wat die ruimte betree se hande word behoorlik ontsmet.
5. Geen fisiese kontak by groet voor, na of tydens dienste nie.

6. Gesigsmaskers is ‘n voorvereiste vir toegang en word ten alle tye gedra.
7. ’n Simptomatiese siftingstoets word op alle persone wat die ruimte wil betree, uitgevoer.

iii. *Enige gedagte om die getal teenwoordiges te bepaal in terme van lukraak getalle soos byvoorbeeld 50 neem nie die diversiteit van fasiliteite in ag nie. Daar is lokale waarin nie meer as 20 of 30 sosiaal afstand kan handhaaf nie. Daar is ruimtes waar 1000 mense veilig kan wees. Ons voorstel word derhalwe in terme van kapasiteit verwoord.* Die bywoning word beperk tot **30%** van die kapasiteit van die gebou.

iv. Elke tweede ry sitplekke word afgesper. Toelaatbare sitplekke word spasiegewys aangedui in die oop rye sitplekke.

v. Geen samesang word toegelaat nie.

vi. Vrywaring ten opsigte van regsaanspreeklikheid deur die regering (plaaslik, provinsiaal en nasionaal) en die kerk word duidelik ten toon gestel.

vii. Bejaardes en persone met onderliggende mediese kondisies word <u>ontmoedig</u> om die byeenkomste by te woon. Bywoning impliseer dan vrywaring van alle ander persone, die kerk en die owerheid ten opsigte van siviele regspleging in geval van siekte of dood.

## b. <u>Grendelstand **Fase 3**</u>

i. Byeenkomste mag nie langer as **40** minute duur nie.

ii. Alle reëls in terme van persoonlike sanitasie, oppervlakte-ontsmetting en sosiale afstand moet eerbiedig word. Dit sluit in:

1. Gebou en alle areas word voor die diens ontsmet.
2. Die area mag vir twee dae na die diens nie betree word nie.
3. Die gebou en alle oppervlakte word dan weer ontsmet.
4. Elke persoon wat die ruimte betree se hande word behoorlik ontsmet.
5. Geen fisiese kontak by groet voor, na of tydens dienste nie.
6. Gesigsmaskers is ‘n voorvereiste vir toegang en word ten alle tye gedra.
7. ’n Simptomatiese siftingstoets word op alle persone wat die ruimte wil betree uitgevoer.

iii. Die bywoning word beperk tot **40%** van die kapasiteit van die gebou.

iv. Elke tweede ry sitplekke word afgesper. Toelaatbare sitplekke word spasiegewys aangedui in die oop rye sitplekke.

v. Geen samesang word toegelaat nie.

vi. Vrywaring ten opsigte van regsaanspreeklikheid deur die regering (plaaslik, provinsiaal en nasionaal) en die kerk word duidelik ten toon gestel.

vii. Bejaardes en persone met onderliggende mediese kondisies word <u>ontmoedig</u> om die byeenkomste by te woon. Bywoning impliseer dan vrywaring van alle ander persone, die kerk en die owerheid ten opsigte van siviele regspleging in geval van siekte of dood.

## c. <u>Grendelstand **Fase 2**</u>

i. Byeenkomste mag nie langer as **45** minute duur nie.

ii. Alle reëls in terme van persoonlike sanitasie, oppervlakte-ontsmetting en sosiale afstand moet eerbiedig word. Dit sluit in:

1. Gebou en alle areas word voor die diens ontsmet.
2. Die area mag vir twee dae na die diens nie betree word nie.
3. Die gebou en alle oppervlakte word dan weer ontsmet.
4. Elke persoon wat die ruimte betree se hande word behoorlik ontsmet.
5. Geen fisiese kontak by groet voor, na of tydens dienste nie.
6. Gesigsmaskers is ‘n voorvereiste vir toegang en word ten alle tye gedra.
7. ’n Simptomatiese siftingstoets word op alle persone wat die ruimte wil betree uitgevoer.

iii. Die bywoning word beperk tot **50%** van die kapasiteit van die gebou.

iv. Elke derde ry sitplekke word afgesper. Toelaatbare sitplekke word spasiegewys aangedui in die oop rye sitplekke.

v. Samesang word toegelaat, met maskers aan.

vi. Vrywaring ten opsigte van regsaanspreeklikheid deur die regering (plaaslik, provinsiaal en nasionaal) en die kerk word duidelik ten toon gestel.

vii. Bejaardes en persone met onderliggende mediese kondisies word <u>ontmoedig</u> om die byeenkomste by te woon. Bywoning impliseer dan vrywaring van alle ander persone, die kerk en die owerheid ten opsigte van siviele regspleging in geval van siekte of dood.

## d. <u>Grendelstand **Fase 1**</u>

i. Byeenkomste mag nie langer as **60** minute duur nie.

ii. Alle reëls in terme van persoonlike sanitasie, oppervlakte-ontsmetting en sosiale afstand moet eerbiedig word. Dit sluit in:

1. Gebou en alle areas word voor aanvang van die diens ontsmet.

2. Die gebou en alle oppervlakte word na afloop van die diens weer ontsmet.
3. Die area mag nie weer betree word oordat daar aan alle sanitasie-voorskrifte voldoen is nie.
4. Elke persoon wat die ruimte betree se hande word behoorlik ontsmet.
5. Geen fisiese kontak by groet voor of tydens dienste nie.
6. Gesigsmaskers is 'n voorvereiste vir toegang en word ten alle tye gedra.
7. 'n Simptomatiese siftingstoets word op alle persone wat die ruimte wil betree uitgevoer.

iii. Die bywoning word beperk tot **70**% van die kapasiteit van die gebou.

iv. Toelaatbare sitplekke word spasiegewys aangedui in die oop rye sitplekke.

v. Samesang word toegelaat, met maskers aan.

vi. Vrywaring ten opsigte van regsaanspreeklikheid deur die regering (plaaslik, provinsiaal en nasionaal) en die kerk word duidelik ten toon gestel.

vii. Bejaardes en persone met onderliggende mediese kondisies word ontmoedig om die byeenkomste by te woon. Bywoning impliseer dan vrywaring van alle ander persone, die kerk en die owerheid ten opsigte van siviele regspleging in geval van siekte of dood.

Elke gemeente is verantwoordelik om 'n persoon of persone aan te stel om te verseker dat die regulasies nagekom word en dat sosiale afstande gehandhaaf word. Enige persone met simptome moet onmiddellik na 'n mediese praktisyn verwys word.

